higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

T80**(A)**(A6)T

NASIONALE SERTIFIKAAT

MESSEL- EN PLEISTERTEORIE N2

(11010102)

6 Augustus 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Tekeninstrumente mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MESSEL- EN PLEISTERTEORIE N2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Hoekkraallyste ('corner beads') word gebruik om alle buitenste gepleisterde hoeke te versterk.

1.2 Teellêers se hamers het staalkoppe wat wissel van 450 gram tot 900 gram.

1.3 Aggregaat is materiaal soos sement, kleigrond en leemgrond.

1.4 Die grootte van inhamme moenie 1.0 vierkant meter in 'n area oorskry nie.

1.5 'n Aaneenlopende vorm ('running mould') is 'n implement wat gebruik word om vorms in sagte pleister te vorm, deur dit oor die pleister te beweeg.

1.6 Klouhamers het twee skerp punte wat gebruik word om gate in geglasuurde teëls te maak.

1.7 'n Bok ('trestle') is deel van die muur wat die agterkant van 'n vuurherd vorm.

1.8 Maak seker dat die area waar die steierwerk opgerig gaan word gelyk is en sonder enige obstruksies is.

1.9 Kleiplaveistene moet solied, hard gebak wees en tot 'n noue toleransie gemaak word.

1.10 Metaalsteierwerk is 'n selfondersteunende staander om 'n werkende platform te maak.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Voltooi die volgende paragraaf oor LÊ DIE AFWERKING deur die volgende woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

sandflodder; 16 mm; slag; vlak; diepte; daghavlaklaag; terrasso; troffelwerk; sement; temperatuur; gekompakteer; dikte; vasstamp

2.1 Sement en 2.1.1 ... word oor die area van die skoongemaakte vloerblad geborsel, en moet in een enkele operasie voltooi word. Die sementdaghavlaklaag word dan versprei en 2.1.2 ... tot binne ten minste 2.1.3 ... van die afgewerkte vloervlak. Tensy die 2.1.4 ... die afwerking in inhamme voorheen vasgestel is, word die stroke dan in die daghavlaklaag ingeplaas, tot die verlangde 2.1.5 ... en tot 'n 2.1.6 … wat verkieslik is vir die volle 2.1.7 ... van die vlaklaag. Terwyl die 2.1.8 … nog plasties is, word die 2.1.9 ... mengsel in die inhamme versprei, tot 'n vlak van effens meer as die verdelende stroke en word gekompakteer deur ligte 2.1.10 ... of gerol met behulp van 'n soliede roller. 2.1.11 ... kan nodig wees om 'n ware oppervlak te vorm (afhangend van die koers van droogwording van die 2.1.12 ... en die 2.1.13 ... wat heers wanneer werk uitgevoer word). Oormatige troffelwerk moet vermy word, veral in die vroeë stadiums. (13)

2.2 Definieer die term *entasis.* (2)
[15]

VRAAG 3

3.1 Noem die DRIE dele waaruit 'n kolom bestaan. (3)

3.2 Teken op skaal 1:10, die afwisselende lae van 'n geïsoleerde pier in twee-steen Vlaamse verband. (10)

3.3 Teken op skaal 1:10, die afwisselende lae van 'n geïsoleerde pier in twee-steen Engelse verband. (10)
[23]

VRAAG 4

4.1 Sekere voorkomende maatreëls is nodig wanneer daar op termiet-besmette grond gebou word.

Verduidelik kortliks die voorsorgmaatreëls wat vóór en tydens boubedrywighede geneem moet word. (5)

4.2 Gee 'n beskrywing van die noodsaaklike punte van 'n vuurherd wat deur Count Rumford geskryf is. (4)

4.3 Definieer die term *rowwe boog*. (4)
[13]

VRAAG 5

5.1 Kies 'n woord uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
5.1.1	Helling van die loodlyn, tapsheid	A	wydte van een steen
5.1.2	Die kromme wanneer 'n segmentboog gevorm word	B	sluk ('throat')
5.1.3	Die deel van 'n vuurherd tussen die toeloop ('gathering') en die gang ('flue')	C	terughelling
5.1.4	Die verwering bo-op die skoorsteen, gewoonlik van sement en teëls of leiklip	D	verwering
5.1.5	Om die binnekant van 'n gang met kalk en sement dagha te beraap	E	grensmuur
5.1.6	Die helling wat aan 'n horisontale oppervlak gegee word om 'n afloop vir water te skep	F	kromming
5.1.7	Die afskorting tussen twee gange in dieselfde bundel ('stack')	G	skoorsteen-afskuinsing
5.1.8	Om 'n laag pleister op stene of steenwerk aan te bring	H	toeloop ('gathering')
5.1.9	Die muur tussen twee huise waarin elk 'n gelyke belang het	I	sierpleister
5.1.10	Die boonste deel van 'n vuurherd wat nouer word soos dit hoër gaan tot die grootte van 'n gang	J	rendering
		K	korbeel

(10 × 1) (10)

5.2 Verduidelik die metode om 'n terrasso-blad te lê. (10)

[20]

VRAAG 6

Maak 'n netjiese, benoemde deursnee skets van 'n 280 mm holmuur. Jou skets moet die volgende detail insluit:

- Beton strookfondament
- Binneste en buitenste vel van 'n steenmuur
- Holte-gevulde soliede struktuur ('Cavity-filled solid')
- Alle DPC in plek
- Gegalvaniseerde muurbinte met drup
- Grondvloer vlak
- Harde puin
- Betonblad
- Syfergate **[10]**

VRAAG 7

Noem NEGE komponente of dele van steierwerk. **[9]**

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou